

Van die aanbieders van die eerste kontrabasslypskool in Suid-Afrika is van links Gudrun Raschen, Zanelle Britz, Mariechen Meyer, Jeff Bradetich en Nick Scales. Raschen, Bradetich en Scales is van Texas in die VSA. Britz en Meyer is oud-Bloemfonteiners in Kaapstad.

## Leer ken die dieper kant van kontrabas

**Elretha Britz**

Die eerste kontrabasslypskool tot nog toe in Suid-Afrika word vandeesweek deur onder andere drie hoog aangeskrewe kontrabasmeesters van Amerika aangebied.

Die kursus, van 9 tot 12 Desember, bied nie net gehalte-opleiding aan sowat 20 jong spelers van oor die land heen nie, maar het ook groter bewusmaking van die kontrabas ten doel. Verskeie van die deelnemers is kontrabasleerlinge van die Musicon in Bloemfontein.

Nick Scales van die West Texas-Universiteit se musiekskool en Jeff Bradetich en Gudrun Raschen van die North Texas-Universiteit se musiekkollege sal die deelnemers die fyner kuns van kontrabasspel leer met die hulp van Roxane Steffen en die oud-Bloemfonteiners Zanelle Britz en Mariechen Meyer. Steffen en Britz is lede van die Kaapstadse Filharmoniese Orkes (KFO) en Meyer 'n ad hoc-speler.

Die kursus bestaan uit lesings, demonstrasies en meesterklasse asook 'n konsert wat oop is vir die publiek.

Uiteenlopende aspekte soos korrekte postuur, die versorging van die instrument, orkes-etiket, sakebestuur en bemarking word in die lesings behandel.

In die meesterklasse kry tegniek en vertolking aandag.

'n Hoogtepunt is die konsert waarvoor die ses aanbieders in verskillende kombinasies saamspan om die prettige en virtuose eienskappe van kontrabasspel ten toon te stel.

Scales, Bradetich en Raschen het doktorsgrade in musiek en is naas dosente ook soliste en kamermusiek- en orkesspelers.

Scales is sedert 2005 die hoofkontrabasspeler in die Amarillo-simfonieorkes en die Utah-operaorkes, direkteur van 'n musieksomerskool asook 'n bedrywige jazz-musikant.

Bradetich het sedert sy debuut in 1982 in meer as 600 konserte op vyf vastelande opgetree, verskeie solokompetisies gewen, ses albums vir kontrabas en klavier opgeneem en boeke oor kontrabas-onderrig geskryf.

Raschen was 17 jaar oud toe sy saam met haar ouers na Suid-Afrika verhuis het en as tjellis aan die Universiteit van Kaapstad gegradueer het. Sy het haar studies in Amerika in tjello en kontrabas voortgesit en 'n doktorsgraad in kontrabasspel verwerf. Raschen tree gereeld as tjellis en kontrabasspeler op en is ook 'n dosent aan die North Texas-Universiteit.

Die slypskool is deel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Jeugsimfonieorkes se aanbiedings *What it Takes.*

NEW BREED

# Kunsstudent se plan B besorg hom 1ste plek

## Nkebe wou eers bronsbeeld inskryf, maar wen met skets

**Maricelle Botha**

Toe die name van die naaswenners van vanjaar se New Breed-kompetisie aangekondig word en Nkululeko Nkebe hoor nie sy naam nie, het hy vir sy vriendin gefluister dit is tyd om te gaan.

Sy het hom aan die arm getrek en gesê hulle wag tot die einde. Kort daarna is hy as die wenner van Phatshoane Henney Prokureurs se kompetisie vir visuele kunstenaars in die Vrystaat aangewys.

Dié kunsstudent aan die Sentrale Universiteit vir Tegnologie (SUT) het R50 000 vir sy penskets *Youth "Slaves" to Education* losgeslaan.

Hy wou aanvanklik 'n bronsbeeld vir die kompetisie inskryf, maar het gelukkig op plan B besluit, wat hom toe die prys besorg het.

"Alles het goed gegaan met my bronsbeeld; die gietvorm was gereed. Al wat ek nodig gehad het, was die brons, wat ek in daardie stadium nêrens in Bloemfontein in die hande kon kry nie."


Sy dosent het vir hom gesê hy moet op sy skets fokus ingeval hy die brons nie betyds vind nie.

Ná die prys is hy opnuut gemotiveer om te skets en mik nou vir 2019 se Sanlam-portretkompetisie.

"As kind was ek nie aan kuns blootgestel nie. Ons het nie eens televisie gehad waarop ek van kuns kon leer nie. Toe ek as 'n jong seun van die Oos-Kaap na die Vrystaat trek, het ek swaargekry in die skool omdat ek nie Sotho kon praat nie. My juffrou het my jammer gekry en middae ná skool vir my Sotho-lesse by die huis kom gee. Sy het skilderye gebruik om vir my te verduidelik wat 'n perd of 'n berg of 'n huis is."

Só het Nkebe in kuns geïnteresseerd geraak.

Toe hy 'n bietjie ouer was, het hy dikwels in 'n sjebien naby sy ouerhuis in Botshabelo gesit en



Nkululeko Nkebe by die werk wat hom die wenner van die New Breed-kunskompetisie gemaak het. Foto: OLIEWENHUIS

sketse maak van die mense wat daar kuier. Soms moes hy ook koes wanneer die manne begin appels swaai wanneer die voggies geloop en hulle agtergekom het hy teken hulle.

Aan die Reamohetse Secondary School, waar hy in 2009 gematrikuleer het, het hy onder meer musiek, visuele kuns en ontwerp geneem.

Volgens hom het een van sy onderwysers, Thabo Mokgohlwanwe, of "Undertaker" (soos die leerlinge hom noem), reeds vroeg sy passie vir kuns raakgesien.

"Hy het my eendag geroep en gesê ek moet ophou om my tyd op ander goed te mors en eerder fokus op dít waarvoor ek 'n talent het."

Nkebe meen juis omdat hy eers ná skool werklike kunsopleiding ontvang het, het hy 'n besondere eie styl.

"Ek noem dit sommer *freestyle*. Ek hou nie van perfekte werk nie. Ek hou van werk wat so 'n bietjie van die norm afwyk."

Hy sê wat temas vir sy werk betref, raak hy graag sensitiewe eietydse kwessies aan waaroor ander nie juis wil praat nie.

Die konsep vir sy wenwerk is geïnspireer deur die jeug, hul opvoeding en hul struikelblokke.

"Ek het togas geskets wat nie gedra word nie. Hierdie kledingstukke gaan oor 'n mens en twee varke. Die persoon kniel tussen die varke, maar daar is geen kos om te eet nie. Al wat daar is, is 'n gradeplegtigheid-mus. Dit simboliseer hul stryd om selfs met sertifikate, diplomas en grade werk te vind. Die gebruik van varke simboliseer vir my oorlewing, want varke eet enigiets wat hulle kan vind."

Die varke en die persoon neem die plek van 'n perd in en is ook geblinddoek, aangesien hulle deur die togas beheer word. Die doringdraad simboliseer pyn. Hy sê as die samelewing nie versigtig is nie, kan hierdie draad tot misdaad en armoede lei.

Die togas sleep 'n ploeg wat probleme en gate sonder oplossings agterlaat.

"Wat ek hiermee oordra, is dat ons jeugdiges onsself moet beskerm deur oopkop te wees en nie nét op onderwys staat te maak nie.

"Ons moet dit wel voeg by ons vaardighede wat ons ook moet ontwikkel om sodoende tot die oplossing van die probleem by te dra."

Nkebe sê as daar een Suid-Afrikaanse kunstenaar is by wie hy graag kers sal wil opsteek, is dit Diane Victor.

"Ek sal graag eendag tyd saam met haar in 'n ateljee wil deurbring. Miskien kan sy my aanneem," skerts hy.

Phatshoane Henney Prokureurs het *Youth "Slaves" to Education* vir sy permanente versameling gekoop.

## Aan sy wenwerk komponeer hy eintlik nog

**AJ Opperman**

Hy komponeer eintlik nog steeds aan sy pasbekroonde *Piano Concerto No. 1*, sê die Kaapse komponis Adrian More wat vir dié komposisie met die Helgaard Steyn-prys vereer is.

"Daar is die hele tyd dinge wat ek wil redigeer of verander," sê More, wat Donderdag die prys in Potchefstroom van die Absa Trust ontvang het vir dié komposisie wat uit drie bewegings bestaan, naamlik *Vivace minaccioso*, *Adagio con molto espressione* en *Allegro molto e vivace*.

"Ek het rondom 2010 begin aantekeninge maak. Toe ek begin het, was ek so drie tot vier maande daarmee besig," sê More, wat ook onder die Afrikaanse opera *Anti-Laius* die lig laat sien het.

"Ek het dit aanvanklik einde Oktober, begin November 2014 voltooi. Sowat drie weke voordat dit uitgevoer is, het ek weer aan die laaste deel van die derde beweging verander. Dit is maar 'n proses. Jy bestee soms vier tot ses uur per dag aan komposisie."

Die komposisie is nog net een keer uitgevoer.

Dit was in die Kaapstadse stadsaal met die pianis Francois du Toit as solis saam met die Kaapstadse Filharmoniese Orkes. More wou dit reeds weer laat uitvoer, maar dit was moeilik om die geleentheid daarvoor te kry tesame met die onsekerheid van 'n nuwe werk.

"Ek is steeds eintlik sprakeloos oor die prys," sê More wat Maandag al gehoor het hy is die wenner, maar dit tot Donderdag moes stil hou.

Die Helgaard Steyn-prys ter waarde van R625 000 word jaarliks om die beurt in vier kategorieë toegeken, naamlik musiekkomposisie, beeldhou, romankuns en skilderkuns.

More wil hom toespits op rolprentklankbane en het onder meer die musiek vir 'n dokumentêre rolprent, *The Black Mambas,* geskryf.

"Ek is nog nie op die vlak van hoofstroom-rolprente nie, maar ek werk in daardie rigting. Ek het ook al dinge soos klingels gekomponeer."

Tans skryf hy aan 'n nuwe komiese Afrikaanse opera.

"Ek dink humor in opera is belangrik. My vorige Afrikaanse opera was baie ernstig. Ons kan nie net heeltyd tragedie hê nie."

More is in Welkom gebore en het in Virginia grootgeword, waarna hy aan Grey-kollege in Bloemfontein gematrikuleer het.

Daarna het hy aan die Universiteit van Kaapstad gaan studeer



Mohamed Jeewa van van Absa Trust-dienste en Adrian More, vanjaar se ontvanger van die Helgaard Steyn-prys. Foto: TIAN DU PREEZ

en later doseer, waar Pretty Yende – vandag 'n beroemde sopraan met talle suksesse in die buiteland – een van sy studente was.

Hy is vroeg in sy lewe deur musiek beïnvloed.

"Op skool het twee mense, Francois Rautenbach, wat my klavier geleer het, en Nettie Immelman, 'n groot verskil gemaak. Op universiteit het Graham Fitch my benadering en begrip verfyn van wat in die koppe van ander komponiste aangegaan het.

"Prof. Peter Klatzow (komponis wat al twee keer die Helgaard Steyn-prys ontvang het) het my weer gehelp om my eie tegniek en vermoë af te rond sodat ek gemaklik as komponis kon voel."

Hy het later ook aan die Royal College of Music in Londen gestudeer waar hy 'n meestersgraad in gevorderde komposisie, rolprentkomposisie, klavier en stem voltooi het.

"Ek dink my familie was dalk teleurgesteld toe ek musiek gekies het, maar ek glo musiek verander lewens. Vandag ondersteun my familie my en weet hulle dat ek die regte keuse gemaak het. As dit 'n hartstog is en jy doen nie iets daaraan nie, doen jy jouself 'n onreg aan," sê More.

Die Helgaard Steyn-prys word toegeken volgens 'n bemaking uit die boedel van dr. J.H. (Jan) Steyn. Vorige wenners van dié gesogte prys sluit in Klatzow vir musiek, Wim Botha vir visuele kuns en die skrywers Dan Sleigh, Willem Anker en P.G. du Plessis vir romankuns.

## Coetzee verwerk sy boek in fliek

**Laetitia Pople**

Johnny Depp, Robert Pattinson en Mark Rylance vertolk die hoofrolle in 'n rolprentweergawe van die Nobelpryswenner J.M. Coetzee se roman *Waiting for the Barbarians*.

Dié rolprent deur die Colombiaanse regisseur Ciro Guerra is onlangs klaar verfilm.

Dit handel oor 'n Britse magistraat (Rylance) aan 'n koloniale buitepos wie se lojaliteit aan die Britse Ryk begin wankel wanneer hy in kontak kom met kolonel Joll (Depp) en 'n klompie gevange rebelle. Die rebelle wou volgens Joll die buitepos aanval.

Dit raak egter gou duidelik dat die gevangenes gemartel word. Die magistraat skaar hom by hulle en knoop 'n verhouding met een van die vroue aan.


Later word die magistraat ook aangehou. Sy onderdanigheid en getrouheid aan sy ware vaderland word in twyfel getrek.

Coetzee het die roman self in 'n draaiboek verwerk.


*Waiting for the Barbarians* is in 1980 gepubliseer in die hoogty van apartheid in Suid-Afrika, Coetzee se vaderland. Hy woon sedert 2002 in Australië en het intussen burgerskap gekry. Die roman, wat 'n hele paar pryse ontvang het, is deur Penguin as een van die groot boeke van die 20ste eeu aangewys.



Johnny Depp



Robert Pattinson



J.M. Coetzee

Die Amerikaanse komponis Philip Glass het die roman in 2005 met welslae in 'n opera omskep. Dit is ook as 'n toneelstuk verwerk en telkemale oorsee opgevoer.

Guerra, wat op 23 sy eerste rolprent gemaak het, het die afgelope twee jaar vinnig opgang gemaak in die internasionale rolprent-arena. Drie van sy flieks is op die Cannes-rolprentfees vertoon. *Birds of Passage* het vanjaar die Directors' Fortnight geopen. *Embrace of the Serpent* het die Directors' Fortnight-prys in 2015 gewen en is ook vir 'n Oscar benoem. Sy *The Wind Journeys* is ook op die fees vereer.

Rylance is 'n Britse akteur bekend vir sy Oscar-bekroonde rol in *Bridge of Spies*, Pattinson is veral beroemd as die bleek vampier van *Twilight*-faam, en Depp word deesdae al hoe meer in skurkrolle geplaas. Hy is bekend vir sy rol as Jack Sparrow in die *Pirates of the Caribbean*-reeks